

SONDAG 27 Okt 2002
 NG KERK POTCHEFSTROOM-SUID
 OGGENDDIENS: 1e diens

LITURGIE

<u>WIE</u>	<u>WAT</u>	<u>DETAIL</u>	<u>BORD/MUSIEK</u>
	Voorsang	Saartjie Gauche	Christo
Liturg	Welkom & groet		
Liturg	Gebed		
Liturg	Oproep tot lof	Psalm 98	
Hannes	Lof	LB509:1-4 "Op berge en in dale" [Sondevergifnis & vrypraak - Martin Luther] LB245:1-2 "Ek wat vergifnis Heer ontvang het" [Wetgewing: prostitusie & lotery] LB223:1-3 "Aan Jesus Koning al die eer" LB202:1-3 "Prys Hom die Hemelvors" [vorentoe] LB590:1-2 "Het jy gehoor dat eenmaal"	
Liturg	Oproep tot aanbidding		
Hannes	Aanbidding	Hemelvader (2x)	Hemelvad
Ouderling	Gebedslys	Oom Tienie Duncan Tannie Dolores Erasmus (*terwyl gebedslys gelees word)	**CD: Hoor ons bid o Heer
		<u>Record aan</u>	<u>Klank: Record</u>
Liturg	Voorbidding		
Liturg	Skriflesing		Skrif
Liturg	Preek		Skrif
Almal	Toewyding		
Liturg	Gebed		
		<u>Record af</u>	<u>Klank: Stop Record</u>
Diakens	Offergawe	Afkondings op bord	afkondig
Liturg	Afkondigings		"Afkondig"
Hannes	Lied		
Liturg	Seën		

Liturgie: 2e diens

<u>WIE</u>	<u>WAT</u>	<u>DETAIL</u>	<u>BORD/MUSIEK</u> <u>=Dirk</u>
KinderMG	Lof-en-aanbidding	Stapsoldaatjie (2x) JG31:1-3 Loof die Heer Hy is goed JR7:1-2 Loof Hom met die tromme (Herhaal v1) KSL63:1-2 Die liefde van Jesus is wonderbaar Geel23:1-2 Op Sondag gaamn ons kerk toe Geel8:1-2 Ek het hande, ek het voete wat kan stap.. Geel21 (2x) My God is so groot Geel 5:1-2 Die sonde lê en loer	soldaat? JG31:1-3 JR7:1-2 Dieliefd OpSondag Ekhet MyGod loer
Liturg	Verwelkoming Votum /Gebed		
<u>LOF</u>			
Drienie	Peutersang	Daar's vissies in die water Twee ogies om Gods werk te sien	
Kekkel	Mimieke (sorg)	Elia Daniël Visvangs	
KinderMG (sittende)	Oorgang tot aanbidding	Geel 2:1-2 Daniël het gereeld gebid JG15:1-3 Halleluja, U is koning (1=dames, 2=mans)	Daniel JG15
Liturg	Gebed	LB254 (2x) Spreek Heer	LB254 (2x)
Liturg	Skriflesing		Skrif
Liturg	Preek	Joh 4:13-14 "Lewende water" Joh 7:37-39 "Strome lewende water"	Skrif
Kekkel	Mimieke (Jesus)	Geboorte Houtkruis Opstanding	
Almal	Gebede		
Diakens	Offergawe		
Liturg	Afkondigings		Afkondig
Hannes	Liedere	"Jesus U is Heer"	CD-4
	Seën		

Termometer of termostaat? (P22)

Termometer pas aan by die omstandighede

As dit warm is, is hy warm

Termostaat-christene reël die temperatuur.

PREEKSKETS

Johannes 2:1-12 Die bruilof in Kana

“Op die derde dag was daar ‘n bruilof in Kana in Galilea, en die moeder van Jesus was daar. Jesus en Sy dissipels is ook na die bruilof toe genooi. Toe die wyn opraak, sê Jesus se moeder vir Hom: “Hulle het nie meer wyn nie.” Maar Hy sê vir haar: “Waarom sê u dit vir My? My tyd het nog nie gekom nie.” Sy moeder sê toe vir die kelners: “Wat Hy ookal vir julle sê, moet julle doen.” Daar het ses klipkanne gestaan vir water wat die Jode by hulle reiniging gebruik het. Elkeen het tussen 90 en 100 liter gehou. Jesus sê toe vir die kelners: “Maak die kanne vol water”. Hulle het dit tot bo toe vol gemaak. Toe sê Hy vir hulle: Skep nou daarvan uit en gee dit vir die seremoniemeester.” Hulle het dit gedoen. Die seremoniemeester het nie geweet waar dit vandaan kom nie, maar die kelners wat die water uitgeskep het, het dit geweet. Toe die seremoniemeester die water proe wat wyn geword het, roep hy die bruidegom en sê vir hom: “‘n Mens sit gewoonlik eers die goeie wyn voor, en as die mense goed gedrink het, die van swakker gehalte; maar jy het die goeie wyn tot nou toe teruggehou.” Hierdie eerste wonderteken het Jesus in Kana in Galilea gedoen. Hy het daardeur Sy mag laat blyk, en Sy dissipels het tot geloof in Hom gekom. Hierna het Sy moeder, broers en Sy dissipels na Kapernaum toe gegaan, maar hulle het nie baie lank daar gebly nie.”

Baie lesse te leer uit hierdie gedeelte:

- Jesus wat bruilof bywoon
- Feestelikheid wat Hy veroorsaak (partytjie begin so half opdroog...)
- Oorvloed wat Hy bring (600 liter wyn)
- Eenmaal ‘n preek gehoor: Is Jesus genooi na jou bruilof?

Maar hier is ook ‘n baie dieper betekenis:

- Die van die nuwe wyn.
- Daar was ‘n bruilof / troue
- En die bruidegom het ‘n klomp wyn gekoop vir die troue.
- En die mense het van hierdie wyn gedrink - en dit was lekker.
- Niemand het kom kla oor die wyn nie - dit was lekker gewees.
- Dit was goed genoeg.
- MAAR toe raak die wyn op.
- En die feestelikheid raak op.
- En dan vat Jesus 6 klipkanne met water.
- Hy verander dit in wyn.
- En toe die mense hierdie wyn proe, was hulle verstom.
 - Dit was ongelooflik lekker.
 - En die oomblik wat jy van hierdie wyn gedrink het, was die ou wyn net nie meer goed genoeg nie.
 - Dit was baie beter.
 - Dit was die beste wat jy kon drink.

Wat beteken dit nou?

Ou Testament: tyd van die slegter wyn

- God ‘n redelike ver God.
- Lewe in redelike mate van vrees voro God.
- Wette en reëls.
- Besnydenis.
- Pasga.

Dit was goed.

Dit was in ‘n sekere sin wondelik gewees.

Almal was tevrede daarmee.

Niemand het iets meer verlang nie.

Maar toe breek daar 'n nuwe tyd aan.

Die tyd van die nuwe wyn.

Die Nuwe Testament:

- God kom baie naby - word mens
- Hy stel Homself bekend as Abba- Vader
- Nie meer oor wette en reëls nie - maar oor inwoning van die Gees.
- Doop
- Nagmaal

En skielik was die ou wyn net nie meer goed genoeg nie.

- Want die nuwe wyn wat Jesus gebring het was baie beter.
- Dit was die hoogtepunt van die geskiedenis.
 - Vrypraak van sonde
 - Nuwe lewe
 - Oorwinning
 - Vrypraak

Iemand het 'n boekie geskryf met die titel: The wine of God.

- Hierdie boekie gaan oor die Heilige Gees.
- Toe die Heilige Gees uitgestort is, het daar 'n nuwe tyd begin.
- Die fees het begin.

En as jy van hierdie wyn gedrink het, verlang jy nie meer terug na die ou wyn nie.

- As jy vir Jesus leer ken, ...

Ja, vir die laaste 2000 jaar leef ons in 'n nuwe tyd.

Die tyd van die nuwe wyn.

In Mat 8:14-17 lees ons nou iets interessants:

- Die volgelinge van Johannes die Doper kom by Jesus en sê: Hoekom vas die Farriseërs so gereeld, maar jou dissipels vas nooit nie.
- Ons moet darem dit sê: Die Farriseërs het partykeer met bymotiewe gavs.
 - Hulle wou gehad het die mense moet dit sien.
 - Die mense moet sien hoe swaar hulle kry.
 - Hoe hulle opoffer.
 - Daarom het Jesus hulle aangespreek in Mat 6:16
 - As julle vas...
 - Moenie met lang gesigte rondloop nie...
 - Versorg jouself sodat niemand anders eers weet jy vas nie...
 - Net jou Vader..

Hoekom vas U dissipels nie?

Nou gee die Here vir hulle 2 redes:

- 1) Die bruidegom is nog by hulle - hoe kan hulle vas?
- 2) 'n Mens gooi nie nuwe wyn in ou sakke nie...die sakke sal bars.

NUWE WYN, OU SAKKE?

Vir 4000 jaar het hulle nou al die ou wyn gedrink.

En in hierdie 4000 jaar het die Here vir hulle "sakke" gegee vir hierdie wyn.

- besnydenis
- pasga
- feeste (nuwemaansfees, sabatte, ...)
- Offers

Maar toe word Jesus gebore.

En die tyd van die nuwe wyn breek aan.

- En nou sê Jesus vir hulle: Jy kan nie hierdie nuwe wyn in die ou sakke sit nie.

Die Israeliete het wysakke gemaak van die vel van 'n bok of 'n skaap.

- Hulle het die gate waar die pote en stert was toegebind/toegewerk
- Drink die wyn deur die gat waar die nek was.
- So 'n nuwe wysak kon nog lekker uitsit saam met die wyn.
- Dit was redelik elasties gewees.
- Die wyn kon lekker gis in die nuwe sak.
- MAAR 'n ou sak het klaar heeltemal uitgesit.
- En as die nuwe wyn daarin sou gis, sal die sak bars.

En nou kom Jesus en sê:

- Jy kan nie die Evangeie van Jesus net so in die wysakke van die Ou Testament gooi nie.
- Die sakke sal dit nie kan hou nie.
- Die wyn is te sterk vir die sakke.
- Die sakke sal bars.
- En dan is alles verlore.
- Jy het nuwe sakke nodig om dit te doen.
- Nuwe sakke wat pas by die nuwe wyn.

As 'n mens die Boodskap lees word dit so mooi beskryf:

- Jy kan nie nuwe wyn in ou gekraakte bottels gooi nie.

Daarom die Here vir ons splinternuwe wysakke gegee:

- Die doop
- Die nagmaal
- Die gawes van die Heilige Gees.

En deur die loop van die eeue het daar onder leiding van die Heilige Gees baie nuwe wysakke ontstaan.

- Handeling 6: diakenamp
- Ouderlingamp.
- Hand 15: Sinode
- Musiek
- Dramas en mimieke
- Kerkgeboue
- Strukture

DAAR IS TWEE BELANGRIKE DINGE VIR ELKE KERK EN GEMEENTE HIERIN:

- **ONS MOET SEKER MAAK DAT ONS DIE NUWE WYN HET**

Op 26 Okt 1517 het Martin Luther die 91 stelling teen die kerkdeur van Wittenberg vasgespyker.

Wat wou hy daarmee vir die Rooms Katolieke kerk van die middeleeue sê?

- Dat hulle wonderlike wysakke het, maar dat die sakke dolleeg is.
- Dat hulle nog nie die nuwe wyn ken nie.
- Dat hulle nog lewe van ou wyn.
 - Hulle probeer hulle plek in die hemel verdien.
 - Hulle skep die indruk dat jy sondevergifnis kan koop.

Luther wou met die 91 stelling nie wegbreek van die RKK van daardie tyd nie.

- Maar hy wou hulle uitdaag om die nuwe wyn te drink.
- Om raak te sien en te glo dat elkeen wat in Jesus Christus glo, gered is.
- Om raak te sien dat die Here elke sonde wat ek ooit gedoen het, uit genade vergewe.
- Dat al wat ek kan doen is net om te glo in die Here Jesus Christus.

Vriende, die doop kan 'n mens nie red nie.

- Kerklidmaatskap kan 'n mens nie red nie.
- 'n Mooi lewe kan 'n mens nie red nie.
- Daar is net een manier om van hier af by die Here te kom - Geloof in Jesus Christus.

Ek wil vandag vir jou iets baie persoonlik vra:

- Jy is 'n lidmaat van die Nederduitse Gereformeerde Kerk
- Jy is 'n lidmaat van hierdie gemeente.
- Het jy al die Here Jesus aangeneem as jou persoonlike Verlosser en Saligmaker?
- As jy vandag te sterwe sou kom: Is jy doodseker dat jy vandag hemel toe gaan?

Jy sien: die wynsakke kan ons nie red nie.

Net die wyn self.

Die bloed van Jesus Christus.

En daarom is die grootste ding wat 'n kerk kan hê:

- Nie sy geboue
- Of sy basaar
- Of sy bankbalans
- Of sy lidmate

Die grootste ding wat 'n gemeente ooit kan hê

- is die waarheid van Jesus Christus.

En as jy dit verloor:

- Kan jy die indrukwekkendste wynsakke hê...
- Hulle is dolleeg.
- En daar beslis nooit 'n fees wees nie.

• **ONS MOET DIE BESTE WYNSAKKE VIND VIR DIE NUWE WYN**

Gaan stap 'n bietjie deur 'n wynkelder.

- Goeie wyne word gebêre in mooi bottels.
- Die beste wyne word gebêre in die beste bottels.

Ek glo dat ons (in die kerk) die beste wyn het wat vandag op die mark beskikbaar is.

- Dis net jammer ons verpak dit soms in stokou bottels.
 - Daar is van ons liedere wat jare oud is.
 - Baie sentiment oor hierdie liedere.
 - En ons wil hulle nie net prygee nie.
 - Maar weet u vriende: daar is liedere wat net nie meer goed genoeg is om hierdie kosbare wyn in te bêre en te bedien nie.
 - En baie van die wyn se smaak gaan verlore.
 - En baie van die feestelikheid gaan verlore.
- Net so is daar sekere nuwe vorme van musiek wat ook nie goed genoeg is vir die wyn nie.
 - Dit doen skade aan die wyn.
 - Dit laat die smaak verlore gaan.
 - Dit maak partykeer dat mense nee-dankie sê vir die wyn.

Ons as gemeente en ons as kerk het 'n groot verantwoordelikheid.

- Om die beste wysakke te soek vir die kosbare wyn wat aan ons toevertrou is.
- Daarom kan ons nie bly by die ou sakke nie.
- Ons kan ook nie sommer net enige nuwe sak gebruik nie.
- Ons moet die beste sakke soek waarmee die wyn bedien kan word.
 - die beste musiek
 - die beste strukture
 - die beste metodes van onderrig
 - die beste metodes in kommunikasie
 - die beste middele in die elektroniese era
- Sodat die wyn by almal kan uitkom.

En dalk sal ons verskillende wysakke moet gebruik vir grootmense...

- en kleuters
- en laerskoolkinders
- en hoërskoolkinders
- en senior burgers

Sodat almal die nuwe wyn kan proe.

- Ons kan nie bekostig dat iemand dit mis nie.

• **ONS MOET SEKER MAAK DAT DIE WYN BY ALMAL UITKOM**

VERMEERDERING VAN DIE BROOD

Kom ons gaan vandag so 2000 jaar terug in die geskiedenis.

Julle is die 5000 mense

-baie moeg

-doodhonger

-loop heeldag agter Jesus aan

En dan gee Hy vir my 'n mandjie brood.

-Vat dit vir almal.

-Laat hulle eet.

-Moenie iemand oorslaan nie.

-Almal moet kry.

Hoe sal julle voel?

-Lekker?

-Opgewonde?

En nou begin ek die brood uitdeel.

-begin in die voorste ry.

-elkeen kry 'n stukkie brood.

-en hulle eet.

[vreedzaam]

-en die tweede ry...

-en die derde ry...

-en die vierde ry...

-en die vyfde ry...

En by die vyfde ry stop ek.

En ek begin weer by die eerste ry..

-en die tweede ry...

-en die derde ry...

-en die vierde ry...

-en die vyfde ry...

En dan begin ek weer voor.

Oor en oor en oor.

En jy sit in die agterste ry:

Hoe sal jy voel?

-Kwaad?

-Tenagekom?

-Jaloers?

-Seergemaak?

-Ingedoen?

Is dit nie wat ons in die kerk doen nie?

-Vir 2000 jaar is ons besig om brood uit te deel aan die mense in die voorste rye.

Ons preek.

Ons hou Bybelstudies.

Besrekingdienste

Optredes

-Sondag vir Sondag.

-Week vir week.

-Maand vir maand.

-jaar vir jaar.

Die voorste rye is propvol geeët.

Knuppeldik.

Spreekwoord: "As die muis vol is, is die kaas bitter."

-Ek soek my brood so of so...

-Nie uit 'n mandjie....in 'n bord...

-Soek nie net gewone brood nie....ietsie ekstra.....toertjie...

-Moet net nie langer as 'n uur vat om dit uit te deel nie...

-Deel dit in die oggend uit....in die aand kyk ek TV

-Die kelner moet asb reg aantrek ... anders vat ek nie brood by hom nie

Ja, die voorste rye is versadig.

Ons baklei oor klere.

Instrumente.

Geld.

Geboue.

Dakke.

En daar agter:

-Daar sterf mense van die honger.

-Nog nooit die brood geproe nie.

-Nog nooit van Jesus Christus gehoor nie.

-Nog nooit op Sy skoot gesit nie.

-Tieners

-Oupas en oumas

-Klein kindertjies

-Kleuters.

-Hulle sterf sonder Jesus Christus.

Verhaal:

1972 - eiland Gaum in die Stille Oseaan - Japanner ontdek

In 1942 daarheen gestuur

Onder indruk dat dit steeds oorlog was

Oorlog al 30 jaar verby

En hy weet dit nie.

Jesus het 2000 jaar gelede aan die kruis gesterf.

Miljoene mense in die agterste rye weet nit nog nie.

- Mauritanië
 - 2miljoen mense
 - 99.6% Islam
 - 0,2% christene
 - Geen Mauritaniese christene
- Maldives
 - 200 000 mense
 - Godsdien: 100% Islam
 - Slegs 'n handjie vol christene op die Maldives.
- Somalië
 - 7 miljoen mense
 - 99.8% Islam
 - 0.1% christene

Almal praat vandag van die werkloosheid in Suid Afrika.

En die geweld.

- Wat gaan van ons kinders word?
- Is daar 'n toekoms?
- Waar gaan hulle werk kry?
- Wat gaan hulle doen as hulle klaar is met skool?

Ek het vanoggend goeie nuus.

Jesus sê: Ek het werk vir jou!

Jy hoef nie 'n graad te hê nie

Jy hoef nie slim of belangrik te wees nie.

-Vat hierdie mandjie.

-Maak dit vol met die brood van die lewe.

-Gaan deel dit uit in die agterste rye.

- Mauritanië
- Albanië
- Somalië
- Europa
- Asië
- Die Ooste
- Die eilande

-Gaan gee hierdie brood vir almal wat dood is van die honger.

Baie keer dink ons: My gemeente is my wêreld

John Wesley: Die wêreld is my gemeente.

Miskien sê jy vanoggend: Ek sal gaan as die Here my roep.

As Hy sê ek moet gaan, sal ek gaan.

Hy het dit klaar gesê:

Hy het jou klaar geroep.

- Joh 15: ¹⁶ Julle het My nie uitgekies nie, maar Ek het julle uitgekies en julle aangestel om uit te gaan en vrugte te dra, vrugte wat sal hou.
- Mat 28: ¹⁹ Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels:
- Mat 5: ¹³ "Julle is die sout vir die aarde....." ¹⁴ "Julle is die lig vir die wêreld.

Ten slotte:

Hierdie verhaal het nie begin by 5000 mense nie.

Ook nie by 'n wêreldewangelis nie.

Dit begin by 'n klein seuntjie.

'N Seuntjie met 5 broodjies en twee vissies.

As hy dit vir homself hou, bly dit 5 broodjies en twee vissies.

As hy dit uitdeel, word dit genoeg vir duisende mense.

As jy die evangelie vir jouself wil hou, bly dit net dieselfde.

As jy dit beskikbaar stel vir die Here, voed Hy duisende daarmee.

Jou 5 broodjies en twee vissies - kan dalk die hele Mauritië voed.

Jou getuienis kan dalk die hele Somalië verander.

Jou geloof kan dalk die Ooste omkeer.

Is jy een van die versadigdes in die voorste ry?

Wagtend op nog meer brood.

Meer en meer.

Of is jy een van die wat die brood uitdeel?

Hoor jy vanoggend die geroep van hulle wat in die agterste rye sit?

Hulle wat skreeu van die honger?

En die opdrag van Hom wat gesê het: deel dit uit vir almal.

Wat gaan jy doen?

Verhaal: broer Andrew

Reis deur Rusland en Siberië

Praat met toegewyde kommuniste oor evangelie.

Lag hom uit.

“As julle werklik glo dat Jesus die Redder van die wêreld is; waarom wen julle dan nie die hele wêreld vir Jesus nie?”

Verskil tussen christene en kommuniste: Julle is toeskouers, ons is deelnemers.

Is jy 'n toeskouer of 'n deelnemer.

Dis interessant: Groot rugbywedstryd

Waar kry jy die grootste lawaai?

Op die veld of op die pawiljoen?

Waar kry jy die meeste kritiek?

Ja, op die pawiljoen.

Waar word die game gewen?

Op die veld.

Is jy 'n toeskouer of 'n deelnemer?

Dien jy of word jy bedien.

Deel jy uit of samel jy in.

Vat die mandjie.

Maak dit vol met die brood van die lewe.

Gaan deel dit uit in die agterste rye.

SLOT:

Die wêreld wag angstig op die nuwe wyn:

- Hulle mis die feesvreugde.
- Hulle mis die blydschap.
- Hulle mis die vrede.

Ag Here, maak ons harte vol van die nuwe wyn.

Gee vir ons die beste en die nuutste wyses dat ons die wyn na almal toe kan vat.